

## DIE KRUGER-HUIS OP BOEKENHOUTFONTEIN NR. 336, DISTRIK RUSTENBURG

deur

H. M. REX

*Ingevolge 'n opdrag van die Historiese Monumentekommissie het dr. W. Punt (lid van die Kommissie) en mnr. H. M. Rex op 21 Januarie 1956 die plaas Boekenhoutfontein besoek. Onderstaande artikel is as verslag aan die H.M.K. voorgelê wat op die vergadering van 4 April 1956 besluit het dat by die woning 'n bronsplaat aangebring sal word met gegewens oor die verblyf van president Kruger op die plaas Boekenhoutfontein.*

### *Waterkloof en Boekenhoutfontein.*

**W**YLE PRESIDENT KRUGER was die eienaar van 'n hele aantal plase in die onmiddellike omgewing van die dorp Rustenburg. Aan die suidekant van Rustenburg en geleë tussen die dorp en Olifantsnek, het hy in die loop van die tyd eienaar geword van Waterkloof Nr. 4, 'n gedeelte van Boschfontein Nr. 193 — mettertyd het dié gedeelte van Boschfontein 'n deel geword van Waterkloof en is eersgenoemde plaas vir daardie rede vandag kleiner as sy buurplase — Baviaankrans Nr. 288, Waterval Nr. 544 en Rietvley Nr. 824, bo-op Magaliesberg.

As 'n jong, amptelose burger het Paul Kruger vroeg in die jare veertig vir hom die mooi-geleë plaas Waterkloof uitgesoek, terwyl hy in die loop van die tyd agtereenvolgens die openbare ampte van assistent-veldkornet, veldkornet, kommandant en kommandant-generaal beklee het, het hy gedurende daardie tydperk, vanaf ongeveer 1841/'42 tot ongeveer 1872/'73, feitlik ononderbroke op Waterkloof gewoon. Sy ongeveer 30-jarige verblyf op Waterkloof is blykbaar net tweekeer tydelik onderbreek: die eerste keer in 1845 toe hy en sy mense na Ohrigstad verhuis het maar in daardie selfde jaar weer teruggetrek het en vir 'n tweede keer, vermoedelik rondom die jaar 1850, toe hy vir 'n tydperk as amptelose burger geressorteer het onder die veldkornetskap van Louis van Wyk. Of Paul Kruger destyds op Zoutpansdrift Nr. 359 (naby die teenswoordige dorp Brits) of naby sy vader, Casper Kruger, in die onmiddellike omgewing van Buffelsfontein Nr. 205 gewoon het, kan nie met sekerheid gesê word nie.

Op Waterkloof kan die terrein van sy eertydse woonhuis wat vanaf Oktober 1863 diens gedoen het as Kantoor van die Kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek, met 'n redelike mate van sekerheid aangetoon word, naamlik ongeveer 100 tree suid-oos van die opstal wat tans deur mnr. J. S. Kriek bewoon word en kort na die Tweede Vryheidsoorlog deur een van president Kruger se skoonseuns opgerig is.

Ten spyte van sy jarelange verblyf op Waterkloof is daar feitlik niks van Paul Kruger se handewerk op daardie plaas te sien nie: 'n watervoor wat meer as 'n eeu gelede uit die Waterkloofspruit uitgehaal is om die uitgestrekte landerye onder besproeiing te bring en wat gedurende al die jare nog nooit verlê is nie (behalwe nou onlangs in die onmiddellike omgewing van die woonhuis van mnr. J. S. Kriek); klipheinings bo-op Magaliesberg, vermoedelik aangebring om gebruik te word as 'n kamp vir sy perde tydens dié tyd van die jaar wanneer die perdesiekte straf geheers het, verder 'n verwaarloosde plaaskerkhoffie waar sy eerste vrou, Maria du Plessis, en hulle eersteling vermoedelik begrawe lê.

Wat hier opgenoem is, is dus feitlik al wat ons herinner aan Paul Kruger se verblyf op Waterkloof. Bo in die Magaliesberg, op die plaas Baviaankrans, kan ook die grotte gesien word waarin Kruger (volgens oorlewering) vertoef het toe hy destyds vir 'n paar dae bo-op die berg in 'n geestelike stryd verkeer het. Op dieselfde plaas vind ons ook die besonder skilderagtige, maar feitlik onbekende Kruger-waterval. Net 'n klein gedeelte van een van die vyf bogenoemde plase is tans nog in besit van een van die baie afstammeling van president Kruger. Die res het mettertyd alles in vreemde hande geraak.

Heeltemal anders is dit gesteld met Boekenhoutfontein Nr. 336, 13 myl noord van Rustenburg. Nie alleen is die plaas feitlik in sy geheel en ongeskonde in besit van afstammeling van president Kruger nie, maar ook is daar op die plaas heelwat wat ons herinner aan president Kruger se ongeveer tien jaar-lange ononderbroke verblyf aldaar.

Alhoewel aansienlik verander na die uiterlike, ná die herbouing daarvan in 1904, is die woonhuis wat vandag nog daar teen 'n koppie — 'n uitloper van die Magaliesberg — pryk, in kern en wese nog dieselfde huis wat kommandant-generaal Paul Kruger teen die einde van die jare sestig of aan die begin van die jare sewentig sêlf gebou het, of so nie, deur hom laat bou is. Afgesien van die stewiggeboude woonhuis, is daar op die plaas verder ook nog talle ander interessante bewaardgeblewe dinge wat ons aan president Kruger se verblyf op Boekenhoutfontein herinner: onder andere die waenhuis met 'n dak wat bestaan uit uitgerolde sinkplate waardeur 'n groter dakoppervlakte bedek kon word as wat anders die geval sou gewees het; die buitegeboue wat vermoedelik ook net so oud is as die woonhuis en wat selfs nog vóór die woonhuis gebou kon gewees het en moontlik as die Krugers se eerste woonhuis gedien het; die klipvarkhok wat, volgens oorlewering, deur die President sêlf gebou is; lemoenbome wat nog deur hom geplant is en laastens 'n aantal klippe agter die woonhuis teen die randjie waar hy, volgens oorlewering, gereeld elke dag op sy knieë gaan bid het.

Net soos op Waterkloof vind ons op Boekenhoutfontein ook 'n bamboesbos in die onmiddellike omgewing van die opstalle. Op Boekenhoutfontein, naby die Kruger-opstal, is ook nog die murasie te sien van 'n woning waarin wyle oud-minister Piet Grobler, 'n familielid van president Kruger, gebore is.

Alhoewel president Kruger in die omgewing van Boekenhoutfontein, net soos in die omgewing van Waterkloof, 'n hele aantal plase besit het, word gewoonlik alleen Waterkloof en Boekenhoutfontein genoem wanneer daar na president Kruger se jarelange verblyf in die Rustenburgse omgewing verwys word.

Boekenhoutfontein Nr. 336, groot 4,280 morges 528 vk. roedes, het op 19 September 1859 kragtens 'n goewermentstransport in besit gekom van Rudolf T. (of: I.) Bronkhorst. Op dieselfde datum het Bronkhorst die plaas laat oordra op die naam van P. T. Erasmus, in wie se besit Boekenhoutfontein gebly het tot op 19 Januarie 1862, toe dit oorgedra is op naam van S. J. P. Kruger.<sup>(1)</sup>

Op daardie stadium was kommandant Kruger onder andere ook in besit van Soulspoort, geleë verder noord in die Pilansberg en waarop later die bekende sendingstasie van die N. G. Kerk tot stand gekom het, Kookfontein Nr. 339, Turffontein Nr. 297 en Beerfontein Nr. 432. In verband met lg. twee plase was daar egter vir 'n geruime tyd onsekerheid m.b.t. die transporterings, 'n aangeleentheid waarvoor kommandant Kruger baie gegriefd en bekommerd gevoel het, soos duidelik blyk uit sy briewe aan die regering.<sup>(2)</sup>

Op 20 Desember is 'n kwart van Boekenhoutfontein, sowel as 'n kwart van Kookfontein op die naam van Nicolaas Johannes Theunissen (Teunisse, sic) getransporteer.<sup>(3)</sup> Op 22 Augustus 1873 is hierdie kwartgedeelte van Boekenhoutfontein egter teruggetransporteer op die naam van S. J. P. Kruger.<sup>(4)</sup> Vanaf daardie datum, naamlik 22 Augustus 1873 tot 10 Desember 1903, was Boekenhoutfontein sonder onderbreking en onverdeeld in die besit van president Kruger, alhoewel die verdeling van die plaas alreeds op 12 Desember 1895 kragtens die Testament van S. J. P. Kruger en G. S. F. W. Kruger, gebore Du Plessis, omskrywe is.<sup>(5)</sup>

Die sesde afdeling van die testament van 12 Desember 1895 het gehandel oor die „verdeling van de plaats Boekenhoutfontein tusschen Teunis Eloff, Jan Adriaan Kruger en Pieter Kruger”. Alhoewel die

(1) Plase-Register, Registrateur van Aktes, Pretoria, Rustenburg F. 4, B. 56 A.

(2) Engelbrecht, dr. S. P.: *Paul Kruger's Amptelike Briewe, 1851 — 1877*, Pretoria, 1925, CLXXXIV bl. 160; bl. 166; CCV, bl. 173.

(3) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 3764/1869 en No. 3765/1869.

(4) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 1336/1873.

(5) Testament van S. J. P. Kruger en G. S. F. W. Kruger, gebore Du Plessis, dd. Pretoria, 12-12-1895, Afd. 6 (by Transportakte No. 11891/1903, Reg. van Aktes, Pretoria).

verdeling van Boekenhoutfontein dus alreeds in Desember 1895 kragtens die testament van die egpaar Kruger geskied het, het die transportering daarvan op die name van Theunis Eloff, Jan en Pieter Kruger eers gedurende 1903 plaasgevind. Een gedeelte (groot 1,245 morge) is getransporteer op die naam van Theunis Eloff ('n skoonseun van die President) <sup>(6)</sup>; 'n ander gedeelte (groot 1,363 morge 364 vk. roedes) op die naam van Jan Adriaan Kruger <sup>(7)</sup> en die restant (groot 1,672 morge 164 vk. roedes) op die naam van Pieter Kruger. <sup>(8)</sup> Op 12 Mei 1904 is J. A. Kruger se gedeelte, d.w.s. dié gedeelte waarop die Kruger-woning staan, oorgedra op die naam van Pieter Kruger <sup>(9)</sup> in ruil vir Kookfontein. Dié gedeelte van Boekenhoutfontein waarop die eertydse woonhuis van die President staan, het gedurende 1918 in besit gekom van die huidige eienaar, mnr. Pieter Kruger, 'n kleinseun van president Kruger. <sup>(10)</sup>

Boekenhoutfontein is gedurende 1892 deur landmeter F. S. Watermeyer opgemeet, nadat die bakens van die plaas deur Jan en Piet Kruger aan Watermeyer aangetoon is. Aan die begin van Februarie 1892, na afloop van 'n groot openbare vergadering wat president Kruger op Rustenburg toegesprek het, het hy na sy plaas Boekenhoutfontein vertrek om die bakens van die plaas aan te wys met die oog op die „generale opmeting” wat destyds in die Republiek aan die gang was. Sodoende was Jan en Piet Kruger ingelig oor die presiese bakens van die plaas en kon hulle die inligting weer op hulle beurt aan Watermeyer oordra aan die einde van daardie selfde jaar. <sup>(11)</sup>

### *Die eertydse Kruger-woonhuis op Boekenhoutfontein.*

**I**N sommige kringe word geglo dat president Kruger die grootste gedeelte van sy lewe op Boekenhoutfontein deurgebring het. Dit is egter 'n foutiewe opvatting. Aan die hand van sy amptelike briewe wat in 1925 gepubliseer is, <sup>(12)</sup> en wat strek vanaf 1851 tot 1877, kan naastenby vasgestel word vanaf watter tydstep in sy Rustenburgse tydperk die plaas Boekenhoutfontein op die voorgrond begin tree het.

Dit is algemeen bekend dat Paul Kruger af en toe, wanneer sy ampspligte dit toegelaat het, met sy vee op sy bosveldplase gaan staan het en dikwels ook aan jagtogte deelgeneem het, 'n vorm van ontspanning en bedryf waaraan feitlik elke Transvaler van daardie jare gees-

(6) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 11889/1903, dd. 10-12-1903.

(7) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 11890/1903, dd. 10-12-1903.

(8) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 11891/1903, dd. 10-12-1903.

(9) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 3814/1904, dd. 12-5-1904.

(10) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 7264/1918, dd. 30-7-1918.

(11) Reg. van Aktes, Pretoria, Transportakte No. 11889/1903; vgl. ook: *De Volksstem*, 6-2-1892.

(12) Engelbrecht, t.a.p.

driftig meegedoen het veral met die oog op die aanvulling van die karige salaris wat hy as veldkornet en kommandant ontvang het. In hierdie verband blyk dit dat hy soms met sy vee vertoef het op een van sy plase in die Pilansberg, naamlik Soulspoort (of: Zaulspoort), dus 'n hele afstand noord van Boekenhoutfontein. Op 19 Julie 1861 het hy bv. aan Stephanus Schoeman die volgende berig gestuur: „Ik is nog met de vee agter Pilansberg en vele menschen is van hier op jag”.<sup>(13)</sup> Ons vind dat vanaf Julie 1861 'n hele aantal van sy amptelike briewe vanaf Soulspoort geskrywe is, maar ook 'n hele aantal vanaf Waterkloof. Vanaf die begin van 1864 word gereeld na Waterkloof verwys as die Kantoor van die Kommandant-generaal. Uit sy briewe blyk dit ook dat kommandant-generaal Kruger gedurende 1866 vir 'n geruime tyd in sy huis op Waterkloof ingekeerker was nadat hy met sy terugkeer vanaf Potchefstroom waar hy 'n Volksraadsitting bygewoon het, in 'n ongeluk betrokke was en sy been gebreek het.<sup>(14)</sup>

Die eerste keer dat kommandant-generaal Kruger een van sy amptelike briewe vanaf Boekenhoutfontein versend het, was op 11 Mei 1866, daarna weer op 21 Mei, 1 en 9 Junie, en 3 Julie 1866.<sup>(15)</sup> Dit mag wees dat hy en sy gesin hulle vanaf 1866 gedurende die wintermaande tydelik op Boekenhoutfontein gaan vestig het. Sodoende was hulle nader aan die jagveld en sy bosveldplase. Of kommandant-generaal Kruger toe alreeds vir hom 'n woning op Boekenhoutfontein gebou het, kan nie met sekerheid gesê word nie. Aangesien hy en sy gesin aan die begin van 1873 nog steeds op Waterkloof woonagtig was, is dit m.i. onwaarskynlik dat hy alreeds gedurende die jare sestig vir hom die tansbestaande stewig-geboude en ruime woonhuis op Boekenhoutfontein gebou het. Ek is meer geneig om te glo dat hy sy nuwe huis aan die begin van die jare sewentig gebou of laat bou het, nadat hy om een of ander onbekende rede — vermoedelik die ernstige siektes waaraan hy en sy huisgesin vir 'n geruime tyd op Waterkloof onderhewig was — besluit het om na 'n hoërgeleë en gesonder streek uit te wyk. Dit mag egter wees dat een of albei buitegeboue aan weerskante van die woonhuis selfs voor die groot woonhuis gebou kon gewees het. Dit is egter meer waarskynlik dat die Kruger-gesin ten tye van hulle tydelike verblyf op Boekenhoutfontein aanvanklik in hulle waens gewoon het of in voorlopige hartbeeshuise.

Die eerste keer dat Boekenhoutfontein na Julie 1866 weer in sy amptelike briewe genoem word, is gedurende Junie 1869 en daarna weer op 13 Augustus en 24 September 1869. Dit is interessant om daarop te let dat Boekenhoutfontein in die laasgenoemde twee briewe genoem

(13) Dieselfde, brief no. LXXV.

(14) Dieselfde, briewe nos. CXXXVI en CXXXIX, bl. 113 — 115.

(15) Dieselfde, briewe nos. CXLI en CXLIII.

word as die adres van die „Kantoor van die Kommandant-generaal.” Dit is twee van die weinige kere dat na Boekenhoutfontein verwys is as die Kantoor van die Kommandant-generaal. Tot met sy bedanking as Kommandant-generaal in 1873, het die Kruger-woonhuis op Waterkloof blykbaar die middelpunt gebly van sy bedrywighede as Kommandant-generaal, ofskoon Rustenburg en Pretoria ook soms in sy amptelike briewe genoem word as die setel van die kommandant-generaalskantoor.<sup>(16)</sup>

Uit sy briewe blyk dit dat die Kruger-gesin, veral vanaf ongeveer 1870 baie te ly gehad het van ernstige siektes, veral die gevreesde koorssiekte wat in daardie jare jaarliks talle slagoffers geëis het. Vanaf Waterkloof skrywe kommandant-generaal Kruger bv. op 19 September 1872 as volg aan staatssekretaris N. J. R. Swart, wat gedurende die jare sestig 'n tydlang in die Kruger-woonhuis op Waterkloof gewoon en skoolgehou het: „Ik mogt U Ed. melden dat ik met mijn vamielie in een treurige toestand is. Een van mijn kinders namelijk, Antje, nu 14 jaar, leg aan de koors ziekte vandag 5 daagen zoo ilendig, dat doot en leeven geduurig strij, en mijn vrouw is ook ziek, ook leg Betta Grundeling bij mijn op de plaas ziek, het schijn mijn coorsiekte. Van de andere klijne kinderen van mijn klaag van morgen ook ziek te worden. Wat de einde zal worden weet ik niet”.<sup>(17)</sup>

Teen die einde van Maart 1873 was die Krugers nog steeds op Waterkloof woonagtig. Op 27 Maart berig kommandant-generaal Kruger aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad dat sy vrou nog steeds in 'n treurige toestand verkeer: „Mijn vrouw is sleg ziek zij hebben twee dagen geleg dat haar polsten geta heb (sic: gestaan of gaan staan het), wij alle minuten te wagte was haar af te geven. Nu heden weder een wijinig beter”.<sup>(18)</sup> Op daardie stadium was Kruger nog Kommandant-generaal en ampshalwe lid van die Uitvoerende Raad, maar met die oog op die ernstige siekte van sy vrou wat toe al meer as drie jaar geduur het, het hy verlof gevra om vir twee maande van die Uitvoerende Raadsvergaderings afwesig te wees, sodat — indien sy dit sou kon uithou om met 'n wa te ry — hy in staat kon wees om haar na een of ander bekwame dokter te neem. Sy plan was om haar na 'n sendeling te neem en daar vir 'n tydlang te vertoef sodat sy mediese behandeling kon ontvang.

Daarna volg sy bedanking as Kommandant-generaal en in hierdie selfde tyd het die Krugers van woonplek verander. Vermoedelik met die oog daarop om weg te kom van die ongesonde Waterkloof na 'n hoërgeleë plek en om ook in die nabyheid van die Duitse sendeling te wees, het Kruger dit goed gedink om hom as 'n amptelose burger

(16) Dieselfde, verskillende briewe.

(17) Dieselfde, bl. 212.

(18) Dieselfde, bl. 213.

op sy mooi-geleë plaas, Boekenhoutfontein, te gaan vestig. Wanneer presies die trek plaasgevind het, is alleen by benadering vas te stel. Die trek het in elk geval eers na die einde van Maart 1873 plaasgevind. Vanaf Oktober 1874 word sy briewe vanaf Boekenhoutfontein geadresseer. Na Maart 1873 word Waterkloof nie weer as adres in sy briewe aangegee nie. Ek kom tot die slotsom dat die trek van die Kruger-gesin vanaf Waterkloof na Boekenhoutfontein ná Maart 1873 en vóór November 1874 moes plaasgevind het.


As 'n amptelose burger kon Kruger vir 'n kort tydjie al sy aandag aan sy boerderybelange en sy plase wy. Sy gesaaides en sy vee kon toe vir die eerste keer in baie jare sy onverdeelde aandag geniet. As daar nie alreeds voor 1873 met die bou van sy nuwe woonhuis op Boekenhoutfontein 'n aanvang gemaak was nie, het hy na sy bedanking as Kommandant-generaal voldoende tyd en geleentheid gehad om sy huis op sy nuwe aanleg op te rig. Dit is waarskynlik dat hy sy nuwe woonhuis op Boekenhoutfontein eers na sy bedanking as Kommandant-generaal gebou het.

#### *Beskikbare gegewens oor die Kruger-huis op Boekenhoutfontein.*

**I**N verband met die Kruger-huis op Boekenhoutfontein bestaan daar min gegewens. Wat opgespoor kon word, word daarom woordeliks weergegee, tesame met kommentaar op sommige bewerings, waar nodig.

In *Die Brandwag* van 25 Februarie 1921 het 'n artikel onder die opskrif „Paul Kruger se Tyd”, geskrywe deur P. — waarskynlik Gustav Preller — verskyn, tesame met 'n afdruk van die Kruger-huis soos dit teen die einde van die jaar sewentig daar uitgesien. Die artikel het as volg gelui: „In 'n hollandsche tydskrif tref ons die interessante tekening aan van President Kruger se Rustenburgse plaaswoning, wat hieronder weergegee word. Die ou huis was geleë op die plaas Waterkloof (sic: bedoel word Boekenhoutfontein) 'n paar uur te perd noord in die rigting van Pilansberg. Die huis werd gebou deur Kruger self ongeveer 1860, en staat vandag nog op die plaas, maar sodanig verander dat 't byna onherkenbaar is deur 'n verhoogde sinkdak, twee verdiepings en sink-verandas rondom, wat begryplikerwyse aan die gebou al sy oorspronklike eenvoud en skoonheid ontnem”. (T.o.v. die oprigtingsdatum het P. hom, na my mening, vergis: vroeg in die jare sewentig sou 'n meer korrekte datum wees. Met sy verwysing na die twee verdiepings wat met die herbouing tot stand sou gekom het, vergis P. hom nog 'n keer: deur die plasing van 'n sinkdak op die Kruger-huis het die soldervensters wat op die tekening voorkom en wat die indruk van twee verdiepings skep, juis verdwyn).

Die artikel van P. vervolg: „Die skets hiernaas aan werd vervaardig deur 'n Duitse reisiger in die late tagtiger jare, en ons lees daarvan in



*Die woning van pres. Kruger op sy plaas in Rustenburg soos dit voor die latere verbouing daar uitgezien het.*



'n ,oue nummer' van die Nederl. tydskrif *Timotheus* die volgende: *De Hoeve van Paul Kruger*.

,Bovenstaande afbeelding van de woning en 't landgoed van Paul Kruger dankt de redactie, door de vriendelike tussenkomst van Prof. Harting, aan de heer A. Deden te Hannover, die tijdens zijn verblijf in de Transvaal de tegenwoordige President bezocht en bij gelegenheid 'n tekening van diens woning en 't omliggende landschap vervaardigde. We gelooven dat onze lezers met ons, de heer Deden dankbaar zullen zijn voor de bereidwilligheid waarmee hij zijn arbeid aan 'n nederlandsch tydskrift ten gebruike afstond — Kruger's woning is gelegen in het distrikt Rustenburg, nabij 't dorp Rustenburg'.

P. beweer dat Deden die skets in die „late tagtiger jare” sou gemaak het en onder die afdruk verskyn dan ook die volgende byskrif: „Woning van Pres. Kruger (Rustenburg distr.) naar 'n skets van A. Deden (plus minus 1887)”. Ek is egter meer geneig om te glo dat die heer Deden in die „late sewentiger jare” 'n besoek aan Kruger op Boekenhoutfontein gebring het, m.a.w. 'n paar jaar nadat die Kruger-huis gebou was. Die skets van die Kruger-huis kon in elk geval nie in 1887 gemaak gewees het nie, want prof. Harting is alreeds in 1886 oorlede <sup>(19)</sup> en die tydskrif *Timotheus* het juis gemeld dat die redaksie die skets van Deden vir publikasie ontvang het deur die vriendelike tussenkoms van prof. Harting. Dit moes dus voor prof. Harting se dood in 1886 plaasgevind het en dus moes die skets ook 'n geruime tyd voor prof. Harting se tussenkoms, in die Transvaal gemaak gewees het, vermoedelik teen die einde van die jare sewentig of vroeg in die jare tagtig.

Die artikel in Die Brandwag vervolg: „Toe skrywer hiervan, die plaas besoek 't in 1904, kort na President Kruger se dood, was sy oudste seun Kasper Kruger nog nie klaar met bowegehoemde veranderinge daaraan en kon op sy aanwysing 'n skets gemaak word van die huis soos 't oorspronklik was. Mens word onmidlik getref deur die stewigheid van die hele klipsteengebou, waarvan die mure by die vensteropening van geweldige dikte was, terwyl die gebou vervaardig word ook met die oog op verdediging teen inboorlinge.”

Gedurende Desember 1904 het Gustav Preller 'n besoek gebring aan Boekenhoutfontein en daar ter plaatse navraag gedoen oor en sketse gemaak van wyle president Kruger se eertydse woonhuis. Vir *De Volkstem* het hy vervolgens 'n stuk opgestel onder die titel „Paul Kruger's

(19) *Nederland — Zuid-Afrika*, Gedenkboek uitgegeven door de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging, by gelegenheid van haar vijftig-jarig bestaan, 1881 — 1931, Amsterdam, 1931, bl. 100. 'n Tekening van die gebou het alreeds in 1881 in „Transvaal-Album” verskyn, ontleen aan „Eigen Haard.”

Jonge Dagen".<sup>(20)</sup> Nadat Preller aanvanklik Paul Kruger se loopbaan op Waterkloof en Rustenburg sêlf nagegaan en beskrywe het, lees ons die volgende interessante beskrywing van Boekenhoutfontein en die Kruger-huis:

„De volgende dag zou ik een bezoek brengen aan Boekenhoutfontein, de laatste woonplaats in het Rustenburgse van de President . . . (Preller verwys dan verder na verskillende „vliegende tochten” wat hy gedurende die volgende dae met sy motorfiets in die distrik sou maak) . . . De eerste dier tochten voerde mij ongeveer twee uur te paard verder in noord-westelike richting naar de Pilansbergen, en de plaats Boekenhoutfontein, de laatste plaats door de President alhier bewoond, voordat landszaken zijn voortdurende tegenwoordigheid te Pretoria vorderden.

### *Te Boekenhoutfontein.*

„EEN uur lang motorden we langs een zand-zware, oneffen en voor eindjes gedeeltelik met losse klippen bezaaid pad voort. Magata's stad (niet te verwarren met Magato van Zoutpansberg) ligt op dit pad, en we ontmoetten voortdurend kaffer-wagens of troepen meiden die goederen naar het dorp te koop brachten of vandaar terugkeerden.

„Het Magaliesgebergte schijnt hier uit elkaar te vallen en losse randjes en koppen af te geven; in werkelijkheid echter, gaan we slechts de bergreeks in, en breidt deze zich nog steeds in westelike richting uit, hoewel als reeks niet meer zo scherp getekend als nabij Pretoria.

„We moesten midden door Magata's stad, en trokken hier met onze puffende, snorkende machines meer aandacht dan ons bepaald aangenaam was. Van alle kanten snelden de pikaniens toe onder luid gegil, troepen magere honden keften ons aan, varkens belemmerden de weg en hoenders dreigden hardnekkig ons schielik met de aarde kennis te doen maken. De stad uit krijgt men een beter pad, zacht en gelijk als de Hogevelde paden, ter weerskanten dicht met bos en kreupelhout begroeid, en de werf van Boekenhoutfontein krijgt men niet in 't gezicht voordat men bijna op het kweek ervan staat.

„Alle maskas kerel,' riep de tegenwoordige eigenaar, ons tegemoet tredend, ‚ik wou net voor die zeuns schreeuw ‚Opzaal!' Die ding gaan publiek ne's bom-maxims!'

„U vergeet', hernam ik met 't oog op historiese korrektheid, ‚dat de bom-maxim ons toebehoorde.'

(20) Preller-versameling, Band 65, Lêer 41, Staatsargief, Pretoria. In 1951 het ek 'n afskrif gemaak van 'n stuk wat ek in die Preller-versameling teengekom het. Onlangs wou ek my verwysing weer kontroleer maar kon toe die stuk getitel: „Paul Kruger's Jonge Dagen” nie terugvind nie. Dit blyk dat die stukke in die Preller-versameling intussen genommer is en dit mag dus wees dat bg. stuk elders geplaas is. Vandaar die onvolledige verwysing.

„Ja, maar hul was maar bra schaars in latere jare! Dag neef. Nou kan 'n mens jullie nie eens vra'e of jullie wil afzâal, of,' . . . met 'n blik op de bagage die (ik en) mijn reisgenoot achterop meevoerde . . . ,uitspan; maar wil jullie dan stoom-afblaas? Ja? Wel, die perde kunnen we op de stoep brengen, of in 't huis zetten. Voor perde-ziekte zyn jullie zeker niet beducht!

„Het was reeds donker geworden en ik moest myn nieuwsgierigheid om de oude woonplaats van de President te bekyken, tot de volgende dag bedwingen. We genoten intussen een vriendelik onthaal van de tegenwoordige eigenaar der plaats, de heer Piet Kruger, op een na de jongste zoon van de President, die voor de oorlog de betrekking van Veldkornet bekleedde, en, als krygsgevangene, een tydlang op Ceylon vertoefde. Menige bizonderheid kwam ik hier te weten, waarvan straks meer.

#### *Kruger als Werktuigkundige.*

„**D**E volgende dag werd my de overblyfselen getoond van een koren trap-machine door de President zelf bedacht en vervaardigd. Er was niet veel van te zien, daar ze tezamen met alle andere landbouw-gereedschappen op de plaats, alsook de gebouwen, door de Engelsen verbrand werd, doch men verzekerde my dat het een zeer prakties werktuig was, dat jarenlang door de president zelf met sukses gebruikt werd voor het doel waartoe hy het gemaakt had.

#### *De Plaats.*

„**D**E volgende dag bleek my spoedig dat Boekenhoutfontein zeker een van de mooiste plaatsen in dit distrik is, hetgeen veel zegt wanneer men weet dat hier zovele schoon gelegen boeren-plaatsen zyn.

„De aanleg is gemaakt op een gelykte tegen de helling der Magaliesberg, die hier een hoek vormt, enigszins lager is dan elders en onderscheiden koppen maakt. In de hoek (die open is) d.w.z. een poort door de bergkeeten vormt, ontspringt de fontein die de plaats de naam verschafte, en hier heeft men nog in de leeftyd van die President een dam van aanzienlike grootte aangelegd, waaruit de landeryen voor het huis en verder af in de hoek, besproeid kunnen worden. Honderden morgen gronds zouden, wanneer men over een genoegzame watervoorraad beschikte, onder besproeiing gebracht kunnen worden.

„Wanneer men op de stoep van dit oude, door de president gebouwd huis staat — dat op 't noord-oosten ziet — heeft men schuin rechts, links en achter zich het Magalies-geheuvelte, terwyl men op een onafzienbare bont-bos vlakke uitziет, met de z.g. Loskoppen in de blauwende verte, en links de horizont begrensд door de Pilaansbergen. Aan de voet van laatstgenoemde vloeit de Elandsrivier, en wanneer men 't

weet, kan ook de koers der Hexrivier, rechts, gevolgd worden door de grotere bossen die zich hier en daar vertonen.

„De aanleg zelf bestaat uit twee grote woonhuizen en een stuk of zes kleinere buiten gebouwtjes, wagenhuizen, stallen, kralen, tuin en landeryen. Alle gebouwen werden tydens de oorlog vernield, sommige tot de grond toe, anderen alleen het hout- en graswerk, terwyl ook de vruchtenboord niet gespaard bleef. Oude lemoen-bomen en ander kostbare geboomte werden óf verbrand, óf op de grond afgekapt.

„De presidentswoning, werd uit de verte met kanonnen gebombardeerd, toen men er niet in slagen kon het hechte gebouw op andere wyze te vernielen! Inderdaad werd het een schyf voor iedere voorbytrekkende kolonne. Slechts één enkele schot trof zyn doel, en rukte een gedeelte van de voor muur weg, soals op bygaande schets gezien kan worden.

### *Na de Burgeroorlog.*

„NIEMAND kon my met zekerheid zeggen wanneer dit merkwaardig gebouw door de President opgericht werd, doch de datum moet gesteld worden tussen 1866 en 1868. De eigenaar was toen Kmdt-generaal, en ik noem het huis merkwaardig, omdat toen nergens benoorden de Vaalrivier een partikulier gebouw van gelyke afmetingen of kracht te vinden was. Het is zeker het eerste twee-verdieping huis dat in ons land verrees.

„Een schrandere opmerker die in die dagen het land doorreisde, zeide my dat men nog in te grote onzekerheid leefde aangaande de toekomst, om werken van enig belang te durven aanvatten. Trouwens, in 1867 werd nog Schoemansdal, reeds in 1853 een bloeiend dorpje, en enige jaren voor de ontruiming over de duizend inwoners tellende, aan de kaffers prys gegeven! Dat Kruger zich zulk een stevig huis bouwde in die dagen, is dus wel een bewys van zyn volkomen vertrouwen in de toekomst van een land dat nog maar kort tevoren door de hydra der burgertwist geteisterd werd, en op dat tydstip nog de prestige van zyn regering door de barbaar betwist zag. Behalve op de dorpen en in het zuidelik deel des lands, woonden de meeste mensen nog in zg. hartebeest-huisjes of gebouwtjes, byna gehuchten, van klei of riet en klei, en naast het verdieping huis, van veel kleiner afmeting, zoals er op Boekenhoutfontein, naast het verdieping huis, vandaag nog te zien zyn.

„Het huis was lang 75 voet, en breed 25 voet, terwyl de muren aan de achter kant — en dus op de laagste plek, want het dak was plat en glooit af naar de achter zyde — 22 voet hoog waren. Inwendig was het verdeeld in negen ruime vertrekken, insluitende de verdieping, die hoofdzakelik als zolder diende. Aan de voorzyde was een stoep ter breedte van tien voet, zonder warande. Ten einde de fondering van

de stoep niet te hoog te doen zyn, had men het fondament teen die berg ingegraven. Die mure zyn twee en een halwe voet breed en met kalk gewit. Alleen in het verbazend soliede ervan kom dit Kruger-huis ooreen met die oude Afrikaanse bouw-styl. Ongetwyfeld zullen die mure nog velen eeue lang die tand des tyds trotseren.

#### *Kommerciële Nazaten.*

„**J**AMMER dat die tans levende niet in staat zyn geweest die historiese waarde ervan te beseffen en te eerbiedigen! Tans, helaas, is het door goedkope, prenterige tierelantjies herschape in een gevaarte dat aan niets zoveel denken doet als aan een tweede of derde klas hotel langs het Mainrif. Dit familiale oneerbiedige voor die plaatsen die ons aan Kruger kunnen herinneren, is trouwens niet op Boekenhoutfontein alleen op te merken. Hoeveel Afrikaners hebben het laag kommercieel dryven niet verwenst dat in Pretoria Kruger's woonhuis in een boarding-house herschiep!” (I.v.m. hierdie laaste saak het Preller baie sterk gevoelens daarop nagehou. In 'n byskrif het hy in potlood bygevoeg: „Dr. (bedoelende seker dr. Engelenburg, die Hoofredakteur van *De Volksstem*) dit toch niet schrappen! Als U wil maak het nog wat scherper.”)

Tydens 'n onderhoud wat Preller op sy terugreis met 'n aantal bejaarde naturelle in Magatata op die stoep van die kaptein se huis gevoer het, waartydens hy veral wou vasstel of president Kruger tydens sy lewe sommige van die naturellemans, -vroue en -kinders soos trekdiere voor die ploeg gespan en mishandel het, het dit geblyk dat die bejaarde ou naturelle niks daarvan geweet het nie. Een van hulle, ou Rooikraal, het egter opgemerk: „Altemet praten die mense die dit van die Oubaas zeggen, van die tyd toen wy daarginds aan die Elandsrivier hout zaagde voor het huis op Boekenhoutfontein. Het hout groeide in 'n groot bos en om het daaruit te krygen moesten wy een streepje bossen door, waarin die tsetse vliege was. Daar konden wy geen ossen gebruik en die mense sleepten het met die hande erdoor; doch daar deden wy allen mee, witmense sowel als kaffers; baas Piet en baas Kas en wy hier, trekken naast elkaar, maar van 'ie ploeg trek . . . awa, baas.”

#### *Potloodsketse van die Kruger-huis deur Preller gemaak.*

**P**POTLOODSKETSE wat Preller van die Kruger-huis gemaak het toe hy Boekenhoutfontein in Desember 1904 besoek het, is te vind in die Preller-versameling.<sup>(21)</sup> In sy artikel wat hy n.a.v. sy besoek vir *De Volksstem* opgestel het, verwys hy na hierdie potloodsketse.<sup>(22)</sup>

(21) Preller-versameling, Band 65, Lêer 41, bl. 110 en 111

(22) Die Brandwag, 25-2-1921.

In 1925 het dr. Engelenburg van Preller se twee potloodsketse gebruik gemaak en 'n nuwe pentekening van die eertydse Kruger-huis laat maak of self gemaak en blykens 'n aantekening op bygaande skets is dit gedurende 1925 deur dr. Engelenburg in Die Volkstem gepubliseer.<sup>(23)</sup>

Met behulp van die sketse van A. Deden, Gustav Preller en dr. Engelenburg, foto's van die woonhuis soos dit tans daar uitsien,<sup>(24)</sup> sowel as 'n studie van die gebou ter plaatse en beskrywings van Deden en Preller, kan 'n redelik-getroue beeld van die Kruger-huis soos dit oorspronklik gelyk het, gerekonstrueer word.

Volgens Preller het die Kruger-huis op Boekenhoutfontein oorspronklik bestaan uit nege vertrekke, insluitende die solder. Afgesien van die solder was daar oorspronklik ook nog 'n keldervertrek op die noordoostelike hoek van die gebou. Voor die Tweede Vryheidsoorlog is dit gebruik as 'n pakkamer. Na die oorlog is die deur van die keldervertrek toegebou en as mens nie bewus is van die bestaan van daardie toegeboude keldervertrek nie, sal mens dit van buite af nie opmerk nie.

Vandag bestaan die woonhuis uit drie slaapkamers, 'n sitkamer, 'n eetkamer, 'n gang, 'n badkamer en 'n spens. 'n Kombuis is na die Tweede Vryheidsoorlog op die suidwestelike hoek van die huis, d.w.s. op 'n gedeelte van die agterste stoep, gebou. 'n Klein kamertjie, links van die voordeur, waarvan 'n deel van die muur later weggebreek is, vorm tans feitlik 'n deel van die sitkamer.

Opmerklik is die lengte van die gebou, veral in vergelyking met sy breedte. Hierdie bouwyse kan bes moontlik verklaar word uit die terrein wat oorspronklik vir die oprigting van die woonhuis uitgekies is. Om oorbodige uitgrawings en opvullings teen die steilte te vermy, was dit 'n besonder praktiese oplossing om die gebou 75 voet lank en 25 voet breed te bou. Die gewone en tipiese vierkantvorm („quadrangle”) waarin destyds so baie gebou is, sou nie daar teen die randjie gedeug het nie en buitendien talle probleme veroorsaak het.

Volgens 'n persoonlike mededeling van mev. Piet Kruger, die eggenote van die teenswoordige eienaar van Boekenhoutfontein, is op haar versoek 'n aantal inwendige veranderinge in die huis aangebring, waardeur die huishouding vergemaklik kon word. Ook tydens die herbouing in die loop van 1904 was alreeds 'n aantal inwendige veranderinge aangebring. Oorspronklik het die voordeur toegang verleen tot 'n betreklik ruim voor- of sitkamer. Die voorkamer het vanaf die begin

(23) Preller-versameling, Band 65, Lêer 41, bl. 109. Skets ook te vind in „Drie Eeue” Deel III, Böeseken, dr. A. J., Krüger, dr. D. W. en Kieser, dr. A., red., Kaapstad, 1952, bl. 192.

(24) Die Landbouweekblad, 16-9-1953, bl. 18 — 19. Die foto's verskyn by 'n artikel, „Boekenhoutfontein, Die Woonplaas van pres. Paul Kruger,” deur C. J. Scheepers Strydom.

net een venster gehad met 'n uitsig op die agterste stoep. In die voorkamer is mettertyd 'n klein muurtjie en twee pilare, wat opreik na die plafon, gebou. Sodoende het daar feitlik twee vertrekke in die oorspronklike voorkamer ontstaan.

Afgesien van die voordeur, het twee ander deure toegang tot die voorkamer verleen. Wanneer mens by die voordeur ingekom het, het 'n deur aan die linkerkant, naby die voordeur, toegang verleen tot 'n betreklik-klein vertrekke, waarin oorspronklik 'n venster was wat 'n uitsig gebied het op die voorstoep. Dié besondere venster is later om een of ander onbekende rede toegebou en ook die muur wat die kamertjie van die voorkamer geskei het, is op een of ander stadium weggebreek en die „kamertjie” beskik dus tans net oor twee deure as uitgange en geen vensters nie. Die kamertjie is vandag feitlik 'n deel van die voorkamer. Dié kamertjie kon oorspronklik moontlik deur Kruger as 'n kruitkamer of 'n kantoor gebruik gewees het. Uit daardie klein vertrek het twee deure gelei, soos vandag nog: die een na 'n slaapkamer op die noordoostelike hoek van die gebou, m.a.w. aan daardie kant van die gebou wat deur 'n Engelse bom gedurende die Tweede Vryheidsoorlog getref is. Hierdie slaapkamer het verder nog 'n deur sowel as 'n venster gehad, wat albei 'n noordelike uitsig gehad het, en op die tekening en sketse van Deden en Preller duidelik waargeneem kan word. Reg onder hierdie kamer was die keldervertrek en die deur daarvan was aan die oostekant van die gebou, aan die hoogste kant van die fundering en opvulling.

Vanuit die klein vertrek het 'n ander deur toegang verleen tot 'n ander slaapkamer geleë tussen die voorkamer en 'n derde slaapkamer op die suidoostelike hoek van die gebou. Die eersgenoemde vertrek was die slaapkamer van die President.

Behalwe die deur wat vanuit die klein vertrek toegang tot die slaapkamer verleen het, het dit oorspronklik verder net een deur en geen venster gehad nie. 'n Venster ontbreek nog steeds.

Die ander deur in die voorkamer, regs van die voordeur, verleen toegang tot die eetkamer en dit beskik oor twee vensters wat uitsig bied op die voorstoep. As mens binne in die vertrek staan kry jy die indruk dat daar voorheen 'n muur in die vertrek was, wat blykbaar mettertyd om een of ander onbekende rede uitgebreek is. Opmerklik is nietemin dat die muur wat die skeiding vorm tussen die eetkamer en die oorblywende agterste kamers, nie reguit nie, maar opvallend skeef gebou is. Daar bestaan duidelike aanduidings dat die teenswoordige eetkamer vroeër uit twee vertrekke bestaan het.

Vanuit die eetkamer lei 'n deur in 'n gang in. Op die end van die gang is 'n deur wat uitlei op die agterste stoep. Oorspronklik was daar geen gang nie, maar het die deur vanuit die eetkamer toegang verleen

tot 'n vertrek met net een deur, en sonder 'n venster. Later is 'n muur in die vertrek gebou waardeur 'n gang en (op sy oostelike kant) 'n nuwe kamer tot stand gekom het. Vanuit die gang het 'n deur toegang tot die nuwe vertrek, 'n spens, verleen en is die oorspronklike enigste deur gedeeltelik toegebou om 'n spensvenster in die agterste stoepmuur te kry. Oorspronklik het dié vertrek net beskik oor 'n deur, maar nadat die gang en die spens tot stand gekom het, en die vroeëre deur in 'n venster verander is, is 'n nuwe deur in die gang ingebreek, waardeur 'n nuwe uitgang verkry is na die agterste stoep. Vanuit die gang, d.w.s. ook vanuit die vroeëre kamer, verleen 'n deur toegang tot 'n badkamer met 'n venster in die westelike stoepmuur. In die gang kan vandag nog die oorspronklike solderdeur gesien word.

'n Kombuis wat vandag op die suidwestelike hoek van die stoep aangetref word, is eers na die Tweede Vryheidsoorlog gebou.

Kenmerkend van die hele gebou is die buitengewoon dik mure, sowel binne- as buitemure. Die buitemure is 28 dm. dik, die binnemure 17 dm. en die mure van die voorkamer 21 dm. Wanneer in gedagte gehou word dat die oorspronklike gebou oor betreklik min buitedeure en -vensters beskik het, kry mens onwillekeurig die indruk dat die Kruger-huis op Boekenhoutfontein oorspronklik so gebou is dat dit in tye van gevaar — veral ten tye van moontlike natuurlike-aanvalle — vir verdedigingsdoeleindes as 'n fort of 'n skans gebruik kon word. Vir daardie rede moes daar veral aan die suidekant van die gebou, d.w.s. na die kant van die bergrand toe, so min as moontlik deure en vensters gewees het. Die plat sinkdak sou ook kon verhoed het dat die dak maklik aan die brand gestee kon word.

Die voordeur is beslis ook interessant. Dit het 'n bolig met twee ruite. Die deur bestaan uit twee gedeeltes, elk waarvan 12 ruite het (groen, wit en blou) wat tesame 'n harmoniese en rustige indruk by die binnekoms skep. Die slot van die voordeur is ook vermeldenswaardig. Dit is dieselfde soort slot wat aangetref word in die huis van oud-landdros William Robinson, wat in die loop van die jare sestig op Rustenburg gebou is (ongeveer dieselfde tyd as die Kruger-huis) en wat vandag nog in 'n goeie toestand van bewaring verkeer danksy die liefdevolle sorg wat die teenswoordige eienares daaraan bestee.

Kenmerkend van die ligging van opstalle in die vroeë tydperk in ons geskiedenis, verleen die Kruger-huis op Boekenhoutfontein nie alleen 'n uitsig oor die grootpad nie, maar ook oor die hele omgewing in 'n noordoostelike rigting: in elke opsig 'n wonderskone en aangrypene vergesig!